



God Verander ons Moeilikhede in iets Goeds

As God ons liefhet en vir ons sorg, waarom is daar soveel moeilikhede en swaarkry? God se kinders word partykeer siek. Hulle het soms pyn en hartseer. Selfs die HERE se klein lammetjies word siek of kry seer. As sulke dinge oor ons kom, is dit dan omdat God van ons vergeet het? Het Hy dan vergeet om vir ons te sorg?

O nee! Moeilikhede kom omdat dit vir ons goed is.

Dit klink snaaks, is dit nie? Hoe kan moeilikhede vir ons goed wees?

Die Bybel vertel vir ons 'n wonderlike verhaal van 'n seun met die naam Josef. Hy het baie moeilikhede gehad. Maar al sy moeilikhede het in goed verander, vir homself, maar ook vir die HERE se volk.

Josef het tien ouer broers gehad. Hulle was nie altyd goeie seuns nie. Soms het hulle dinge gedoen wat baie verkeerd was. Maar Josef was 'n goeie seun. Ja, daar was ook sonde in sy hart, maar tog het hy probeer om dinge te doen wat reg is. Josef se vader, Jakob, was baie lief vir hom.

Soms het Josef vir sy pa vertel van al die verkeerde dinge wat sy ouer broers gedoen het. Dit het hulle baie kwaad gemaak, so kwaad dat hulle Josef gehaat het.

Op 'n dag stuur Jakob toe vir Josef na sy broers, om te gaan kyk hoe dit met hulle gaan. Hulle was baie ver van die huis af, om beter weiding vir hulle skape te gaan soek.

Maar toe die broers Josef van ver af sien aankom, sê hulle vir mekaar: "Laat ons hom tog doodmaak!"

En so het hulle, net toe Josef daar aankom, hom gegryp en in 'n diep, donker put gegooi. Josef het gesoebat: "Laat my asseblief uitkom. Ek wil huis toe gaan!" Maar sy broers wou nie vir hom luister nie.

'n Rukkie daarna het daar 'n klompie mans op

kamele verby gekom. Josef se broers sê toe vir mekaar: "Kom ons verkoop Josef aan hierdie mans. Hulle sal hom baie ver weg neem. Dan sal ons hom nooit weer sien nie. Dan is ons ontslae van hom, en sal vir ons vader vertel dat 'n wilde dier hom doodgemaak het."

Hulle het toe vir Josef verkoop, en vir hulle pa, Jakob, gesê dat 'n wilde dier hom doodgemaak het. Maar die mans het vir Josef na Egipte toe saam geneem en daar in Egipte het hy 'n slaaf geword.

Na baie jare het daar 'n groot droogte in Egipteland gekom. Daar was skaars iets om te eet. Dit het nie gereën nie, en dus kon die koring op die land ook nie groei nie. Josef se broers het ook nie meer brood vir hulle families gehad nie.

Eendag sê Jakob vir sy seuns: "Ek het gehoor dat daar brood in Egipte is. Gaan soontoe en gaan koop vir ons koring."

So het die broers toe gedoen. Toe hulle in Egipte aankom, moes hulle 'n baie vername man, die onderkoning van Egipte, gaan vra vir koring. Dié man was somer kwaai met hulle, en het gesê hulle is diewe en spioene. Hy het selfs een van hulle in die tronk gestop.

Toe sê die broers vir mekaar: "Dis omdat ons ons broer Josef verkoop het!" Hulle was baie bang.

Maar hierdie belangrike man het uiteindelik vir hulle vertel dat hy Josef, hulle eie broer, is.

Hy sê toe: "Moenie bang wees nie, want sal julle nie straf nie. Julle het kwaad gedoen, maar God het daardie kwaad in goed verander, sodat daar gedurende hierdie tyd van hongersnood genoeg koring vir ons almal kan wees."

Al Josef se swaarkry en moeities het op die ou einde verander in iets goeds, vir homself, en ook vir die volk van die HERE. So moet ons ook glo dat al ons moeilikhede tot ons eie beswil gebeur, omdat die HERE ons liefhet. Hy sal

nooit iets met ons iets laat gebeur, sonder 'n doel nie. En omdat Hy ons liefhet, is dit altyd 'n goeie doel!

Wat ons kan lees:

Genesis 45:1-8

Gesels hieroor:

1. Kan jy meer vertel oor die verhaal van Josef?
2. Dink jy dis reg om te kla as ons siek of hartseer is?
3. Wat moet ons altyd onthou?

Die Bybel leer ons:

En ons weet dat vir hulle wat God lief het, alles ten goede meewerk.

(Romeine 8:28)

Wat ons kan sing:

- | | |
|--|--|
| <ol style="list-style-type: none">1. Josef soek sy ander broers
Hul is almal so jaloes
Op sy jas en droomverhale
Van die koeie en koringare
Wie dink Josef is hy dan?
In die put met daardie man!2. Daar kom handelaars verby,
Josef word verkoop en hy
moet saam na Egipteland.
Hy word deur die HEER se Hand,
In die tronk en in gevaar
Steeds beskerm en bewaar. | <ol style="list-style-type: none">3. Farao op sy koningstroon
Droom 'n wonderlike droom
Van die koeie en koringare
God gee Josef die verklaring.
Farao stel dié wyse man
Aan as heerser oor die land.4. God het alles omgekeer
Josef word nou hoog vereer:
Al die koring in die skure –
Uitkoms vir die honger ure.
So hou God se Wonderhand
Josef en sy volk in stand! |
|--|--|

Kom ons bid saam:

Onse Vader in die hemel, help ons asseblief om altyd aan U groot Liefde te dink. Dan sal ons altyd, as ons siek is of as ons swaarkry, U Naam kan loof en prys. Amen.

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*